



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass

TEMA



Jaargang 17 no 8
Augustus 2008

- 'n Rein gewete 2
- Onderskei die goeie wil van God 4
- Xenofobia of Philoxenos? 6
- Kerknuus 9
- Wanneer en van wanneer profeteer Joël? 10
- Ouers is vennote in kinders se onderwys 14
- Internasionaledag ... 16
- Om die Woord van Waarheid reg te sny... 19
- 'n Besoek aan KwaMhlanga 20
- Boekenuus 23

SWART, WIT of GRYS?

Ek gee vir u die volgende aanhaling uit die doelstelling van ons blad (u kan dit vind op die webwerf www.vgk.org.za/kompass/doel):

Die naam Kompass is tiperend van die doelstelling van die blad Kompass, naamlik: rigtingwyser vir die gereformeerde lewe. Kompass hoop om die ontwikkeling van gereformeerde denke en lewe te stimuleer en so die lesers te help om hulle roeping in kerk en samelewing te vervul. Dit betref 'n breë spektrum van terreine: kerk, samelewing, onderwys, gesin en staat.

'n Pragtige doelstelling. So tipies gereformeerd (in die goeie sin van die woord)! Om werklik gereformeerd te wees, beteken naamlik om rigting in jou lewe te hê, dit beteken dat jy weet waarheen jy op pad is en hoe jy daar kan kom. Nie omdat jy uit jouself so rigtingvas is nie, maar omdat jy die Skrifte het om jou op jou pad te begelei. Die Skrif is jou kompas!

Maar as die Skrif jou kompas is, is die naam 'Kompass' vir hierdie blad dan tereg? Is dit nie effens pretensieus nie? Wel, as hierdie blad op sigself die kompas was, ja. Maar slegs omdat daar gepoog word om na die Skrif te luister, kan die blad *Kompass* 'n rigtingwyser wees. 'n *Afgeleide* kompas, dus; 'n kompas wat êrens anders sy rigting vandaan kry. Hierdie kompas word gedryf deur die Skrifte. En dit is die redaksie se hoop en bede dat hierdie beginsel in ons blad hande en voete kry.

As ons egter na die breë spektrum van terreine kyk wat in die doelstelling genoem word (kerk, samelewing, onderwys, gesin en staat), moet ons erken dat die Skrif nie in alle konkrete situasies ewe duidelike antwoorde bied nie. Die Skrif is geen etiese handboek met 'n indeks vir alle moontlike situasies nie. Rigtingwys is dus nie altyd so eenvoudig nie. Sake is nie altyd so swart-wit soos wat ons dit sou wou hê nie. Vandaar die redaksie se keuse vir die tema van hierdie maand se uitgawe: swart, wit of grys? Die rigtingwyser vir die gereformeerde lewe (lees: *Kompass*) wil dus saam met u nadink oor die moeites met betrekking tot rigtingwys...

Met hierdie tema staan ons in die midde van ons etiese lewe van elke dag. Is elke etiese saak 'n kwessie van reg of verkeerd, of is daar ook grys areas in ons lewe voor die Here? Kan ons sê dat sekere sake neutraal is? – sien hieroor die artikel van ds Viljoen. En watter rol speel ons gewete in sake waarop die Skrif nie duidelike antwoorde bied nie? Is die gewete 'n feillose barometer in onduidelike sake? – sien hieroor die artikel van ds Van Helden.

Kompass – rigtingwyser. *Kompass* – gegrond op die Skrif. Die Skrif – Woord van God. Góó! Ja, mag Hý rigting gee in ons lewe voor sy aangesig. Is iets swart, wit of grys? Mag Hý wysheid gee om te kan onderskei waarop dit aankom (Fil 1:10).

Ds Erik van Alten

'N REIN GEWETE

- 'n Skrifstudie uit Lukas 22:47-62

TEMA : Swart, wit of grys?

'n Rein gewete voor God is baie belangrik. Paulus, wat voorheen die Christene vervolg het, roem daarop dat hy God met 'n rein gewete dien.

Ek dank God, wat ek van my voorouers af met 'n rein gewete dien, wanneer ek onophoudelik nag en dag aan jou in my gebede dink – 2 Timotheüs 1:3.

Sou jy dit nie ook graag met groot vrymoedigheid van jouself wou sê nie?

"Ek dien God met 'n rein gewete"

In Lukas 22:54-62 sien ons die geweldige rol van die menslike gewete. Ons dink hier aan daardie stem in jou hart wat jou vertel wat goed of sleg is. Die rooi lig wat aangaan as jy sonde doen. Die vrede wat jy ervaar as jy goed doen.

Om met 'n skuldige gewete rond te loop, is immers uiters gevaarlik. Dit word mettertyd swaar bagasie, 'n lomp vrag wat jou vreugde wegneem. En dan nog gevaarliker omdat die duiwel, wat ons nou nie meer by God kan aankla nie, ons wel deur ons eie gewete so kan aankla dat ons heeltemal hopeloos en verlore voel en selfs so kan twyfel dat ons ons geloofsekerheid begin verloor!

Lukas 22:61 bied ons duidelik die reaksie van Petrus se gewete as Jesus na Hom kyk nadat hy die Messias verloën het. Dadelik daardie skuldgevoel, die skuldige gewete! 'n Mens kan jou skaars die hartseer en pyn in Petrus voorstel. Dadelik onthou Petrus wat Jesus voorheen gesê het en hy het uitgegaan en bitterlik gehuil.

Daar is egter 'n groot verskil tussen die hantering van die gewete as ons 'n vergelyking tref tussen die **Priesters, Judas en Petrus**.

Die priesterhoofde – versmoorde gewete

In die drie jaar van sy bediening het die priesterhoofde 'n vyand in Jesus gevind. Hy maak nie net méér volgelingen as hulle nie (jaloesie), maar Hy het die priesters en Jode telkemale direk aangespreek en vermaan oor hulle skynheiligheid. Hulle kan nie vergeet dat Jesus hulle as "wit gepleisterde grafte"

getipeer het nie. So geweldig word die haat teenoor Jesus dat hulle enigiets sou doen om Hom uit die weg te ruim. Hul gewetens het hulle sekerlik goed laat verstaan dat hulle nie moord mag pleeg nie, maar hul woede en emosies neem die oorhand.

Die emosie versmoor die gewete. Hulle vra nie meer na reg en verkeerd nie. Hulle doen net. Hulle reageer net. Hulle tree gewetenloos op! Die drifte en drange oorspoel die gewete tot dit heeltemal versmoor is.

So lewer hulle selfs 'n eie volksgenoot oor aan die Romeine - iets absoluut ongehoords. Dit is volksverraad. En boonop is Jesus onskuldig, maar daarvoor dink hulle nie eers meer nie. Hulle kyk toe hoe Hy ter dood veroordeel word en vind selfs bevrediging daarin.

Die versmoorde gewete is 'n **onaktiewe** gewete.

Dit kan jou dinge laat doen wat totaal teen jou beginsels is! Die enigste maatstaf is: of my drif en emosies en gevoelens bevredig word. En so hoop die mens sonde op sonde.

Judas – gewete wat pla

Daarteenoor kry ons by Judas weer 'n baie aktiewe gewete. Sy daad van verraad begin hom vreeslik pla. In Mattheüs 27:3 staan daar dat hy "spyt" gekry het. Hy was werklik jammer oor dit wat hy gedoen het. En dan ry sy skuldige gewete hom. Waarskynlik het hy nie gedink wat gaan gebeur nie. Hy het dit net ter wille van die geld – dertig silwer munte – gedoen.

En noudat hy die resultaat van sy daad sien, kry hy spyt. Jesus word ter dood veroordeel. Sy gewete pla hom. En dan brand die geld in sy hand. Sy gewete knaag in selfverwyte. Sy gewete word 'n doring wat hy self in sy vlees gesteek het!

En dan gaan hy terug! Hy draai om! Maar dan kies hy die Joodse raad as sy biegvaders. Hy kies mense en nie die Here nie! Hy kry spyt, maar nie ware berou nie. Hy sê dit self: ... *ek het onskuldige bloed verraai* (Mattheüs 27:4). En so smyt hy die geld daar in die tempelhof neer.

Sy afgestompte gewete laat hom alles te menslik beoordeel. Hy sien nie vir God raak nie. Sy diepste sonde is nie die verraad nie, maar sy ongeloof. Hy sien alles net materieel, die geld wat sy hande brand.... Maar die rykdom van God se genade sien hy in sy ongeloof nie raak nie.

Dit word 'n saak van sonde op sonde. Sy ongeloof ly tot wanhoop en bring hom tot selfmoord!

Die uiteinde van so 'n plaende, selftergende gewete is totale wanhoop en chaos en selfvernietiging.

Petrus – gelowige gewete

En dan is daar Petrus. Ook hy het 'n skuldige en baie aktiewe gewete. Maar die verskil is die geloof. Sy gewete stel hom voor God. Jesus het hom aangekyk. Hy voel daardie oë wat dwarsdeur hom kyk. Hy weet Jesus weet alles. Aan die een kant moes dit soos 'n verterende vuur gevoel het. En tog kon hy seker ook iets sien van Jesus se liefde en begrip.

En dan lei sy gewete hom na buite waar hy bitterlik aan die huil gaan. Sy gewete was nie net 'n verwyte nie, maar ook 'n goddelike vermaning in liefde. Uit die konteks van die hele verhaal kan ons aflei dat, in teenstelling met Judas, ons by Petrus diepe berou en sondebelydenis kry.

Sy liefde vir Jesus het gebly.

Daardie liefde wat hom sy swaard laat trek het in die tuin van Getsémané. Daardie liefde wat hom Jesus laat volg het tot in die hofsaal. Sy liefde wat gegrond is in die geloof in Christus.

En met daardie kyk het Jesus vir Petrus nie net veroordeel nie, maar ook **vasgehou**.

Daarom lees ons dat Petrus dadelik die woorde van Jesus onthou het! Dit is sy gewete wat hom laat dink aan die Woord van die Here.

Die gewete is dus gegee as jou hulp, sodat jy die Here bly onthou. Daarom is dit nodig dat jy jou gewete vol maak met die Woorde van God! Die lees van en luister na die Bybel en prediking maak jou gewete soos 'n skerp potlood. En deur die werking van die Heilige Gees word dit jou onderskeidingsvermoë.

Dan word jou gewete nie net 'n *vuur* wat in jou brand nie, maar wel 'n *vuurtoring* in die donker van jou sondelewe. Dan word jou gewete hierdie *ligstraal*

wat jou help dat jou lewensbootjie nie op die rotse loop nie.

Jou gewete herinner jou daaraan dat jy deur die geloof aan Christus behoort. **Jy onthou dat jy sy gedoopte eiendom is.** Dit wys jou sonde uit en herinner jou daaraan dat daar by Christus verlossing is. (1 Petrus 3:20 – *doop is 'n bede tot God om 'n skoon gewete*)

Hier praat ons van 'n aktiewe gelowige gewete!

Dan bly daar nie net selfverwyte oor nie, maar dit lei jou weer na Christus toe! Dit roep om vergewing. Dit vra om sondebelydenis en berou. Maar dan moet jy nie jou gewete versmoor nie, maar jou sonde erken en daarvoor huil voor God.

Hy is groter as jou gewete. Hy vergewe sondes en reinig jou van alle onreinheid.

Kyk wat doen Jesus met Petrus!

Later, na die kruis en opstanding, maak Jesus die afspraak met sy dissipels:

Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het. - Markus 16:7

Die term gewete kom nie in die Ou Testament voor nie

Nogtans kom die *idee* van gewete definitief in die Ou Testament voor:

Volgens: Genesis 3:7,10; 39:9
1 Samuel 24:17; 26:21
2 Samuel 24:10
Job 42:5,6
Jesaja 6:5
Daniël 9:19

Die term gewete kom in die Nuwe Testament dikwels voor

Twee maal in Handeling, naamlik 23:1; 24:16
Vyf maal in Hebreërs, naamlik 9:9; 9:14; 10:2; 10:22; 13:18
Drie maal in 1 Petrus 2:19; 3:16; 3:21
Twintig maal in Paulus se geskrifte.
Ses maal in die Pastorale briewe: 1Timotheüs 1:5, 19; 3:9; 4:2; 2Timotheüs 1:3; Titus 1:15
Vier maal in die briewe van Johannes: 1 Johannes 3:19-21

En by daardie afspraak herstel Jesus vir Petrus, bevry Hy hom van sy skuldgevoel. Hy bring Petrus by 'n ontlading van sy gewete. Drie maal vra Jesus: Het jy my lief? En drie maal kry hy die opdrag voor sy mede-dissipels. Ook hulle moet weet dat Petrus vergewe is. Hulle moet sy gewete nie verder belas of belaaï nie.

Sien, erkenning van sonde ontlai die siel. Jy gooi jou bagasie af. *Gaan na Christus toe en weet dat sy Woord wat jou aankla, ook die Woord is van genade en vrede.*

Glo in Christus en weet dat Hy jou ken.
Hy is groter as jou gewete. Hy weet alles (1 Johannes 3:20).

Hy weet ook dat jy opregte berou het en tog so sukkel met die sonde. Hy is ons Hoëpriester wat nie net betaal het nie, maar wat ook medelye met ons swakhede het.

Hy gee genade op genade!
Hy is ons hoop!
Hy is ons enigste troos in lewe en sterwe.

As jou gewete jou aankla en jy voel om te vlug, vlug dan nie weg nie, maar vlug na Christus jou Verlosser toe. Dit is Hy wat reeds 2000 jaar gelede ten volle betaal het vir *al ons sonde!* (Nagmaalsformulier)

Ja, vir dit wat ons gedoen het, wat ons nog sal doen en vir die sonde wat ons nie weet ons doen nie!

Sy genade is so groot dat God ons om Christus wil totaal verlos en **ons sonde so ver verwyder** as wat die ooste verwyder is van die weste! Hy reinig ons so van 'n skuldige gewete dat ons dan, soos Paulus, met vrymoedigheid kan sê dat ek God met 'n rein gewete dien.

Ds Maarten van Helden is predikant van die Gereformeerde Kerk Centurion.

ONDERSKEI die GOEIE WIL van GOD

TEMA : Swart, wit of grys?

Is daar vir elke aspek van ons lewe 'n duidelike Bybelse gebod wat ons moet volg? 'n Vraag wat dikwels in dieselfde asem gevra word, is of daar sekere aspekte van ons lewens is waarin ons "vry" is as ons geen gebod daarvoor of daarteen kan vind nie. Of ons kan wonder of daar werklik in elke situasie net een regte en goeie opsie is om te kies wat duidelik deur 'n gebod aangedui word. Dit alles lei ons om die vraag te vra of dit enigsins reg is om altyd of selfs in die eerste plek te vra na 'n "gebod" van God om sy wil te ken en mekaar daarop aan te spreek .

Die werk van die Here

Ek dink dat dit glad nie belangrik of noodsaaklik is om te kan sê dat

daar vir elke aspek van ons lewe 'n gebod van God is nie. Bepalend vir ons lewe is nie in die eerste plek die **wet** van die Here nie, maar die **werk** van die Here. Op een of ander manier leef ons hopeloos te sterk met die gedagte dat daar tussen Wie die Here is en wat Hy doen en ons gehoorsaamheid aan Hom altyd 'n gebod ingeskuif moet word. My kritiese vraag is: "Is dit reg om te dink dat ons gewetens net gebind is aan die Here wanneer Hy vir ons 'n regstreekse gebod gegee het?"

Is Wie God is en wat Hy in sy volmaakte skeppings- en verlossingswerk gedoen het, nie genoeg om by ons verwondering en gehoorsaamheid te bewerk nie? Voel ons onself los van die Here totdat Hy ons met 'n gebod aanspreek? In so 'n geval sou dit kon

beteken dat ons ook nie hoef te glo nie, totdat ons 'n regstreekse opdrag van die Here kry om te glo. Dit alles word 'n skematise-ring van ons lewens wat totaal kunstmatig en uiters onnatuurlik is.

Tussen die karakter van God en ons gehoorsaamheid hoef daar nie eers 'n gebod ingeskuif te word voordat ons aanspreekbaar is nie. Wie God is en wat Hy doen en gedoen het, is meer as genoeg om ons in beweging te bring! Daar is werklik geen noodsaaklikheid van 'n bemiddeling van 'n gebod tussen die wonder van die evangelie en ons (aan)gepaste lewensreaksie nie. Geen gebod is iets wat los van of selfs bo Wie God is, staan nie. Die gebod gee ons niks nuut nie, maar is 'n aandagtrekker vir Wie God is en wat Hy gedoen het.

Dit is nooit asof ons nog nie aanspreekbaar is totdat 'n gebod sy opwagting maak nie. Ons word nie tot gehoorsaamheid in beweging gebring deur die hefboom van die gebod nie. Die gebod is 'n ligwerper op Wie God is en wil ons daarmee in beweging bring. Miskien lê hier die rede vir ons dikwels trae gehoorsaamheid aan die Here. Ons gehoorsaamheid behoort die karakter van blymoedige aanbidding te hê. Aanbidding in gehoorsaamheid aan 'n genadige en liefdevolle en majestieuse God. Maar solank as wat ons ons verkyk en vaskyk in 'n gebod sonder om die liefdevolle en grote Here self raak te sien, word ons reaksie dié van 'n slaaf en word die wet 'n slawedrywer.



Christus as wetgewer uit 'n griekse ortodokse ikoon

Wees heilig, want ek is heilig

Nadat Petrus geskryf het: *Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n*

lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, het hy klaar alles geskryf wat nodig is om vervolgens te skryf: Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel geword het by die openbaring van Jesus Christus (vgl 1 Petr 1:3, 13).

Petrus wil skryf oor hoe die gelowiges hulle lewens moet inrig. Vir hom is dit genoeg om te verwys na wat God gedoen het in Jesus Christus. Vir die gemeente moet dit genoeg wees om te weet dat Hy wat ons geroep het, heilig is. Dit is omdat Hy heilig is dat ons lewens 'n heilige karakter sal hê. God se heiligheid is hier nie sy "sondeloosheid" nie, maar sy onverklaarbare karakter wat by ons aanbidding en verwondering wakker maak wanneer ons gelowige aandag het vir wat Hy gedoen het om vir ons 'n nuwe lewe saam met Hom te gee.

Vir Petrus is daar een groot motief vir ons om heilig te wees. Want God is heilig. Dit is omdat ons God as Vader kan aanroep dat ons lewe totaal nuut ingerig gaan word. Omdat ons weet dat ons lewens nie deur verganklike dinge soos goud en silwer gekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Jesus Christus, sal ons geen "ydele lewenswandel" meer hê nie.

Geen gebod?

Probeer die uwe hiermee beweer dat daar geen plek is vir 'n gebod van God in ons gehoorsaamheid aan die Here nie? Dit sou absurd wees en spreek van blindheid vir die manier hoe die Skrif self met ons praat. Ons kan onmiddellik dink aan die wetgewing van die Here by die berg Sinai en die konkrete gebooe en opdragte van Christus en sy apostels. Ek probeer slegs duidelike aandag vra vir die manier hoe ons eie

Heidelbergse Kategismus die gebod aan die orde stel.

Die gebod kom aan die orde as 'n manier om aandag te vra vir die God wat sy volk uit Egipteland uit die slawehuis bevry het. Die motivering vir die gebod lê in die werk van die Here. Bepalend vir ons lewe is daarom nie die wet in die eerste plek nie, maar die werk van die Here. Die wet(te) wat losgemaak word van die werk van die Here, word onverstaanbaar en bewerk selfs 'n stuk hoogmoed en 'n lewe los van die Here. Wat kan erger wees as 'n "wetsgehoorsame" lewe los van die geregtigheid van God? Was dit nie juis Paulus se groot smart oor die volk Israel dat hulle besig was met die "wet" in alle ywer, terwyl hulle die geregtigheid van God verwerp het nie? (Rom 10)

Die wet wil ons terugneem na dit wat ons werklik bind. Ons word gebind aan die werk van God. Die wet wil slegs maar voorbeelde wees van die respons wat hierdie werk van God by ons wakker behoort te maak. Net soos wat ons nie glo sonder geloofsvoorbeelde nie, is ons ook nie gehoorsaam sonder voorbeelde van gehoorsaamheid nie.

Deur bepaalde voorbeelde te gee van maniere hoe God se werk in ons lewe wil ingryp, word ons hele lewe gebring onder die gees van aanbidding en gehoorsaamheid. Die wet(te) van die Here wil met geen eie gesag na ons kom, anders as die gesag van die werk(e) van die Here wat 'n eie gesag het en aanspraak op ons hele lewe wil kom maak nie. Die wet(te) wil nie 'n appèl en gesag oor ons lewe uitoefen wat nie reeds deur die werke van die Here uitgeoefen word nie. Die werklikheid van God se genadewerk het genoeg gesag om daarmee beslag op ons lewens te lê tot in die kleinste detail.

Kerklike praktyk

Ek wil probeer om verder te illustreer hoe die "gebod" van die Here dikwels by ons funksioneer. Wanneer kerklike tug of verma-ning ter sprake kom, is dikwels die eerste vraag: "Watter gebod het die persoon oortree?" Indien die optrede nie duidelik aanwysbaar onder een van die gebooie val nie, word daar gewonder of ons mekaar enigsins mag aanspreek en vermaan. Dit is asof daar 'n sekere deel van ons lewe bestaan waaroor die Here geen seggenskap het nie, want dit word nie "gedek" deur 'n gebod nie.

Die gevolg van hierdie denkpatroon is dat iemand maklik 'n leweloos van die Here kan leef, die genade van die Here kan minag en tog 'n sogenaamde "onberispelike" lewe lei. Op die oog af geen oortreding van 'n gebod nie, maar tog 'n lewe waarin die geloof en geloofsvreugde oënskynlik heeltemal afwesig is. Die oorgawe van my hele lewe ontbreek dan te



dikwels. Die karakter van ons Christelike lewe mag nooit verval tot of vereng word tot lewe uit 'n reeks gebooie nie. Ons hele lewe moet 'n heilige lewe wees. 'n Lewe in Christus deur die krag van die Gees. Dan kan daar in ons lewe geen swart, wit of grys gebiede wees nie. Dan is ons hele lewe onder beheer van Koning Jesus. Ons lewens sal dan 'n lewe wees wat getuig van die

vrug van die Gees. Geen kleurlose lewens wat alles presies dieselfde sal laat lyk nie, maar die kleurvolheid van die werk van die Gees in elkeen se lewe wat sal skitter in geloof, liefde, sagmoedigheid, verdraagsaamheid, geduld... Gehoorzaamheid word dan nie meer gesien as 'n spanning tussen wet en evangelie

nie, maar 'n bevrydende oorgawe van my hele lewe aan die Here. Ons sal mekaar dan ook in niks wil "vry laat" nie, maar in alles aan Christus bind.

Ds Eugene Viljoen is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk in Bellville.

XENOFOBIA OF PHILOXENOS?

Elders gelees

Die meeste van ons het die nuusberigte oor die aanvalle op buitelanders met belangstelling gevolg. Maar behalwe vir belangstelling, was daar by baie van ons waarskynlik ook gemengde gevoelens. Enersyds leef daar immers, tereg of ontreg, by ons die persepsie dat die probleme in ons land vir 'n deel te wyte is aan die ongetemde instroming van buitelanders. Wanneer ons dus van hulle ontslae kan raak, sonder om ons eie hande vuil te maak, gee dit vir ons 'n gevoel van tevredenheid. Andersyds besef ons ook dat die manier waarop hierdie probleem deur baie hanteer is, nie volgens die Skrif is nie. Enersyds – andersyds... Hoe gaan ons goed met hierdie 'enersyds-andersyds' om?

Prof JH van Wyk, redakteur van *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, maak in die

Junie-uitgawe van hierdie blad 'n gebalanseerde begin aan die diskussie:

Enersyds

Enersyds moet die huidige probleem van onwettige immigrante in die land in 'n groot mate voor die deur van ons regering gelê word. Die regering is met sy beleid van stille diplomاسie minstens medeverantwoordelik vir die ekonomiese chaos en sosiale wanorde (om nie te vergeet van die kerklike agteruitgang nie) wat tans in ons buurstaat Zimbabwe aangetref word. Sienderoë is toegelaat dat 'n diktator soos mnr Robert Mugabe 'n pragtige land tot in die afgrond verwoes – en dan is nog nie eens verwys na die – volgens skatting – ongeveer 30 000 Matabeles wat in die tagtigerjare in die Bulawayo-omgewing vermoor is nie.

Verder het die Suid-Afrikaanse regering in gebreke gebly om enige doeltreffende grensbeheer met buurlande toe te pas, as gevolg waarvan miljoene immigrante Suid-Afrika ongehinderd binnegestroom het. Dit kon dus verwag word dat die plaaslike (arm) bevolking vroeër of later met antipatie en selfs woede sou reageer teen buitelanders wat werksgeleenthede wegneem en in die Suid-Afrikaanse welvaart probeer deel. En het die ANC dan nie altyd nog lewensverbetering en voorspoed vir die armes beloof nie? En so het ons tans te doen met 'n nuwe probleem in Suid-Afrika, naamlik xenofobie of vreemdelingsvrees (afgelei van twee Griekse woorde: *xenos* = vreemdeling, en *phobos* = vrees). Die vreemdelingsvrees het egter ontaard in vreemdelingshaat en vreemdelingsmoord. Tot sover die "enersyds".



Andersyds

Maar daar is ook 'n "andersyds" – die "andersyds" van die Bybel. In die Ou Testament is daar op baie plekke verwysings na vreemdelinge, ook na verskillende groepe vreemdelinge, wat elk op sy eie wyse behandel moes word. Terwyl die bese Amalekiete en Kanaäniete byvoorbeeld uitgeroei moes word, kon die Ammoniete en Moabiete in die Beloofde Land bly woon, maar hulle mag nie by Israel ingelyf word nie (Deut 23:3). Die Edomiete en Egiptenare kon egter deel word van Israel – in die derde geslag (Deut 23:7-8). Bekende vreemdelinge moes altyd goed behandel word (Eks 22:21). Omdat Israel die afgesonderde volk van God was, het hulle altyd 'n bepaalde distansie teenoor ander, ook vreemdelinge, gehandhaaf. Ons moet egter in gedagte hou dat daar by Israel tussen kerk en staat 'n besonder noue band bestaan het, wat nie in dieselfde sin in die Nuwe Testament terug te vind is nie. Die Nuwe Testament verwys ook na vreemdelinge, maar dan veral as voorwerpe van mense wat hulp nodig het (Matt 25:35). Hulp, of nie-hulp, aan vreemdelinge word selfs 'n toetsvraag op die laaste dag (Matt 25:45). Die Bybel verwys op talle plekke na *philo-xenos*, dit wil sê liefde vir die vreemdeling. Gelowiges moet ook altyd besef dat hulle vreem-

delinge op aarde is op weg na 'n groter vaderland (Hebr 11:13). Ook die onlangse gebeure herinner ons opnuut aan hierdie waarheid.


Balans

In die lig van die Christelike etiek moet vreemdelingshaat en vreemdelingsmoord ten sterkste afgekeur word. Dit is in stryd met die evangelie van Christus, ontken die gebod van liefde tot die medemens (selfs die vyand) en minag die mens as beeld van God. Daarom verwag Christus altyd van sy navolgers om na mense in nood met 'n hart van liefde en 'n oop hand uit te reik. Aan die ander kant moet Christene steeds profeties getuig teen die regering wat al hoe meer in gebreke bly om 'n vreedsame en verantwoordelike samelewing te skep en in stand te hou. Die regering moet baie dringend, met die hulp van kundiges, 'n plan van aksie ontwerp om die vraagstuk van onwettige immigrante sinvol, verantwoordelik en menslik aan te spreek en op te los. Ons het hier immers te doen met weerlose mense in nood en wanhoop. Laat ons in ons gebede nooit mense in nood vergeet nie, maar terselfdertyd ook die Here vra om aan die regering die nodige wysheid te gee om 'n spoedige oplossing te vind.

In die Julie-uitgawe van *Die Kerkblad* gaan prof Paul Kruger verder op hierdie onderwerp in. Hy bring hierby 'n baie interessante aspek ter sprake – 'n aspek wat in die diskussie dikwels vergeet word – naamlik dat die vreemdelinge-vraagstuk nie van verbygaande aard is nie, maar dat dit gekom het om te bly. Hy skryf onder andere die volgende:

By terugskouing kan ons verskeie kenmerke van die 20ste eeu opnoem. Dit was die eeu van ongekende tegnologiese vooruitgang, veral ten opsigte van vervoer, elektronika, kernfisika en medisyne. Dit was die eeu van volkstate en verwoestende oorloë. Dit was ook die eeu waarin meer mense in massamoorde omgekom het as ooit in menseheugenis. Wat die 21ste eeu sal kenmerk, kan ons alleen maar by voorskou uit duidelike tekens aflei. Dit mag die eeu van hulpbronskaarse word, die eeu van weerstandige siektes en van nanotegnologie.

Alle aanduidings is dat dit ook die eeu van vreemdelinge sal wees. Groter mobiliteit, elektroniese kommunikasie (bv. per internet) en wêreldwye bewustheid van minderheidsregte, laat vreemdelingsgemeenskappe wêreldwyd gedy. Watter impak groot vreemdelingsgemeenskappe sal hê, sal die geskiedenis leer. Ons moet ons egter gereed maak om by dié werklikheid te leef:



Die eeu van die vlugteling?

- *Bevolkingsamestellings gaan wêreldwyd ingrypend verander. In Suid-Afrika gaan daar "nuwe" gemeenskappe vestig, of ons daarvan hou of nie. Die Sjinese, Zimbabwiërs, Nigeriërs, Mosambiekers en Somaliërs gaan nie oornag verdwyn nie. Hulle deel nie ons geskiedenis nie, en het daarom nie 'n saak met apartheid of die vryheidstryd van die Afrikaner of wat ook al tipies Suid-Afrikaans is nie. Dieselfde gebeur elders: Asiërs speel 'n groterwonderende rol in Engeland en Noord-Afrika in Frankryk. Soveel as 22% van die Switserse bevolking is vreemdelinge. Meer as een uit drie inwoners van die Arabiese state aan die Persiese Golf is vreemdelinge. In die Verenigde Arabiese Emirate is slegs 17% van die bevolking inheems. Die aandrang dat Spaans in dele van die VSA amptelike status moet kry, word al hoe sterker vanweë instroming en die groot aanwas van Spaanstaliges. In die VSA is iemand met 'n Keniaanse pa die aanspraakmaker op die presidentskap.*
- *Indien ons oortuig is dat dit ons roeping is, kan ons in 'n vreemde land ons volksidentiteit hand-haaf. Of dit wenslik is om dit te doen, is 'n onder-werp op sy eie. In die 21ste eeu is dit egter meer as ooit haalbaar. Verskeie minderhede onderhou al geslagte lank eie gemeenskappe in Noord-Amerika. Die Turke doen dit in Europa en die Duitsers op verskillende plekke. Mense assosieer in die 21ste eeu maklik oor afstand heen. Ons kan in die buiteland oor die Internet Afrikaanse koerante lees, Afrikaanse radio luister en daar is die tegnologie om selfs Afrikaanse TV te kyk. Enkele Afrikaanse gemeenskappe in die buiteland onderhou reeds eie Afrikaanse skole en kerke. Buitelanders in Suid-Afrika doen dieselfde ten opsigte van hulle taal en kultuur. Dit gebeur maklik dat jy met 'n familielid in die buiteland meer kontak het per internet (e-pos, VoiP, Skype) as met 'n familielid wat in Suid-Afrika woon.*

- *Die Here het aan ons 'n land gegee om in te woon – 'n stukkie op die aarde om te "bework en te bewaak" (vgl. Gen 2:15). Die Afrikaner-diaspora maak egter ons oë daarvoor oop dat die aarde aan die Here behoort en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon (Ps 24:1). God het al die nasies gemaak. Hy het vooraf die grense van hulle blyplek vasgestel; bepaal waar hulle sou woon. Hy het egter ook vooraf bepaalde tye vasgestel; bepaal hoe lank hulle sal bestaan (Hand 17:26 in beide Afrikaanse vertalings). Ons gaan al hoe meer beweeg tussen die twee pole van universaliteit en partikulariteit – die aarde as speelveld en die unieke van ons erfenis.*
- *As Afrikaanssprekende Christene het ons 'n roeping wat wyer strek as ons vaderland. Afrika en die wêreld kom nou skerper binne ons visier. Die Groot Opdrag bly staan: "Gaan dan na al die nasies toe ..." (Matt 28:19). In ons tyd sal ons egter ondervind hoe "al die nasies" ook na ons toe kom! Ons het 'n verantwoordelikheid om aan hulle, die vreemdelinge in ons poorte, die minderhede wat in ons land vestig, die evangelie te bedien en barmhartigheid te betoon.*

Prof Kruger open nuwe perspektiewe. Ons leer om, verby ons eie (soms teregte) vreemdelingevrees, Gód se wêreld raak te sien. Eerder as om die vreemdeling te beseer, behoort ons aan hulle die hand te reik (sien prentjie). Eerder as om vreemdeling weg te dryf, behoort dit ons strewe te wees om van alle mense vreemdelinge



te maak. Vreemdelinge vir wie die hêle aarde hulle woning is, maar wie se toekoms in die hemel by Christus is!

Ds Erik van Alten is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

Australië - korrespondent : Ds Mendel Retief

Die sinode van Kelmscott West 2006 (FRCA) het met betrekking tot ons susterskerke in Nederland voorlopig besluit om kontak te hou met sowel die Gereformeerde Kerke (vrygemaak) as die nuwe vrygemaaktes "Die Gereformeerde Kerke" (DGK). Die sinode wou dus nie dadelik uitspraak lewer of die nuwe vrymaking geldig was of nie, en het die besluit om 'n susterskerkrelasie met die DGK aan te gaan al dan nie, laat oorstaan vir die komende sinode van 2009. Intussen het die Australiese kerke wel deputate vir kontak buitelandse kerke na die onlangse sinode van die nuwe vrygemaaktes (DGK) gestuur. Ds A Veldman het namens die FRCA op die sinode gespreek en ook onderhoude gevoer. Hy het gesê dat die Australiese kerke groot sorgte het oor die GKv, maar die kerkverband nog nie wil beoordeel as "onskriftuurlik" nie. Teenoor die sinode het hy gesê dat die FRCA wel 'n duidelike strewe waarneem by die DGK om by die waarheid te bly, maar hulle nogtans aangespoor om weer eenheid te soek met die GKv.

Oor nuwere ontwikkelings/deformasie in die GKv wat intussen plaasgevind het, wou ds Veldman hom egter nie uitlaat nie, en hy het homself beperk tot die uitsprake van sinode Kelmscott West 2006.

In die Australiese kerke self is daar 'n groeiende onrus by lidmate oor die deformasie in die GKv m.b.t. die teologiese opleiding in Kampen, die uitsprake van dosente, gebrek aan kerklike tug, sinodebesluite en vreemde strominge. Die deputate vir buitelandse kerke sal binnekort die FRCA se besorgdheid oordra aan die GKv tydens sinode Zwolle-Zuid en die GKv ook oproep om eenheid te soek met die DGK.

Nederland - korrespondent : Ds Axel Hagg

Sinode van die GK(v):

- Die deputate Man/Vrou in die kerk lewer hul rapport in by die sinode met die opmerking dat hulle nie met antwoorde kom nie, maar met vrae. Omdat daar uiteenlopende menings in die kerke bestaan of die vrou ook in die amp mag dien, het die deputate d.m.v. 'n vraelys 'n proefsteek in die kerke gehou. Daaruit het geblyk dat ongeveer 65% van die lidmate teen die vrou in die predikants- en ouderlingamp is, en ongeveer 55% teen die vrou in die diakenamp. Op advies van dr N Smit van die GKSA moet die sinode rustig

die tyd neem om oor hierdie saak te besin.

Daarmee word 'n stroom van beswaarskrifte voorkom, soos dit by die GKSA die geval was.

- Verder het die sinode die voorgestelde re-organisasie van die sinodewerk van die hand gewys, maar wel die deputaatskappe aangemoedig om nouer saam te werk.
- Die sinode het ook haar teleurstelling uitgespreek oor die besluit van die Christeljk Gereformeerde kerk om nie die federatiewe groei-model te aanvaar in 'n poging om kerklike eenheid met die GK(v) te bereik nie.
- Verder is besluit dat homofiele in die GK(v) met 'n "affektiewe verhouding" ten opsigte van mekaar, nie mag saamwoon nie, ook al het hulle 'n belofte afgelê om af te sien van seksuele omgang met mekaar.
- Dr ALTh de Bruijne is benoem tot hoogleraar Etiek en Spiritualiteit.
- Die sinode het verdaag vir die somervakansie van drie maande. Die laaste noemenswaardige besluit wat die sinode gemaak het, is dat daar voorlopig geen gesprekke met die Nederlands-Gereformeerde kerk sal plaasvind oor kerklike eenheid nie, maar dat slegs verkennende gesprekke gehou sal word.

Gereformeerde Kerk (Hersteld):

- Die skriba van die sinode van die GK (herst.), voorheen bekend as die "Reformanda-groep", is verlede maand uit sy funksie geskors vanweë betrokkenheid by die breuk in die hersteld-gereformeerde kerk in Hardenberg.
- Agt hersteld-gereformeerde ampsdraers van die gemeente Bergentheim/Bruchterveld en omstreke het publisiteit verleen aan die konfliktsituasie in die gemeente. Hulle het op hul webtuiste beskryf wat die afgelope 8 maande gebeur het. N.a.v. 'n sg. revisieversoek het daar op 12 April 'n konflik ontstaan op die sinode van die GK (herst.). Dr P van Gulp, wat by die konflik betrokke was, is gevra om ter wille van die sensitiewe situasie nie die volgende dag in Hardenberg voor te gaan nie. Hy het dit egter as "kanselweiering" geïnterpreteer. 'n Poging tot gesprek was nie moontlik nie. Toe die agt ampsdraers die gemeente hieroor wou informeer, het die orige drie ampsdraers, met advies van die naburige gemeente van Emmen, die agt ampsdraers geskors vanweë skeurmakery. Daarna het die gemeente in twee geskeur.

- In die GK (herst.) heers vanaf die nuwe vrymaking in 2003-2004 'n gees van "verfoeilike independentisme", aldus die klassis Noord-Oos van die GK (herst.), n.a.v. die breuk in die gemeente van Bergentheim/Bruchterveld. Die spanning in die GK (herst.) duur voort, gesien ook die skeuring in die gemeente in Veenendaal en die losmaking van die gemeente van Zijndrecht uit die kerkverband.

Kanada - korrespondent : Prof Arjan de Visser

Bavinck se Dogmatiek in Engels beskikbaar

Dr Herman Bavinck (1854-1921) staan bekend as een van die grootste teoloë wat die gereformeerde tradisie voortgebring het. Hy was 'n professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool in Kampen en aan die Vrye Universiteit in Amsterdam. Saam met dr Abraham Kuyper was Bavinck een van die twee toonaangewende leiers binne die Gereformeerde Kerke in Nederland in die begin van die 20^{ste} eeu. Bavinck se mees bekende en mees invloedryke werk was sy *Gereformeerde Dogmatiek* - 'n massiewe werk van vier dele (meer as 2000 bladsye altesaam) wat hy gedurende die 1890's geskryf het. Baie predikante in Nederland – en daarbuite – gebruik die boeke nog steeds om 'n gebalanseerde bespreking van dogmatiese kwessies te kry.

Terwyl baie Nederlandse teologiese boeke oor die jare heen in Engels vertaal is, het Bavinck se Dogmatiek vir sowat 'n honderd jaar onvertaald gebly – juis omdat dit so 'n massiewe werk is.

In 1994 is daar egter in Noord-Amerika 'n komitee gevorm wat dit tot hulle doelstelling gemaak het om Bavinck se Dogmatiek in Engels te vertaal. Prof John Bolt van die Calvin Seminary in Grand Rapids was die redakteur en mnr John Vriend die vertaler.

Deel 1 van die Gereformeerde Dogmatiek is in 2003 deur Baker Academic gepubliseer onder die titel *Reformed Dogmatics*. Van tyd tot tyd het die

volgende dele verskyn en vroeër hierdie jaar is die projek voltooi toe die vierde deel die lig gesien het. Vir al die mense wat nie Nederlands kan lees nie, is Bavinck nou beskikbaar in Engels. Dit is 'n mylpaal, veral vir Noord-Amerika, maar ook wyer.



Dr Herman Bavinck

In September hierdie jaar organiseer die Calvin Theological Seminary in Grand Rapids 'n konferensie waar Bavinck-kenners van Nederland en Noord-Amerika mekaar sal ontmoet om Bavinck se erfenis vanuit verskillende perspektiewe te bekyk. Behalwe die voltooiing van die vertaling van Bavinck se Dogmatiek is daar nog 'n rede om die konferensie in hierdie jaar te hou – dit is honderd jaar gelede dat Bavinck Noord-Amerika besoek het. Tydens daardie reis het hy – net soos Kuyper voor hom – Stonelesings gegee by Princeton Universiteit. Vir inligting oor die konferensie, besoek <http://www.calvinseminary.edu/continuingEd/details/2008/pearlAndLeaven.php>

WANNEER en VAN WANNEER profeteer JOËL?

Venster op die Bybel

Die Boek Joël begin sy profesie met woorde oor 'n groteske gebeurtenis: "Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag" Wanneer en ... van wanneer profeteer Joël hier? As ons dit weet, kan dit ons dalk help om die kragtige boodskap van God se profeet beter te begryp en dit aan ons kinders oor te dra soos HY ons beveel.

Die Boek Joël is op verskillende maniere fassinerend. Sy kort, maar tog indrukwekkende formaat spreek 'n mens aan. Die staccato-agtige bevel en oorlogstaal komplimenteer sy kompakte inhoud. Dié polsende karakter stimuleer Joël se waarskuwings van die koms van die "dag van die HERE".



'n Oprukkende en formidabele "sprinkaanplaag" is op pad uit die Noorde en sal God se land meedoënloos kom verorber! Veld en vee sal sug na uitkoms. Maar God Self sal ingryp en die pestilensie neervel voordat dit slaag in sy doel. Die HERE sal in die plek van die terreuraanval twee dinge doen. Hy sal die afgevrete oes vervang met oorvloed en Hy sal die vyande van sy volk verslaan in 'n finale veldslag. Dié veldslag sal op ongewone wyse beslis word. God sal eiehandig oorwin deur reg te spreek oor die volke. Die vraag is: Wanneer sal dit alles gebeur!?

Ongelukkig help die eerste verse van die boek ons nie om die vraag te antwoord nie. Daar staan net dat Joël die "seun van Petuel" was, maar ons het geen verdere aanduiding van wie dit is en wanneer hy geleef het, soos by van die ander profete nie (vgl bv Hosea 1:1 en Amos 1:1). Dat die teenspoed van 'n regte sprinkaanplaag die profesie kleur, is duidelik en dat die tempel in volle werking was, is ewe duidelik. Maar wanneer was dit en van

wanneer praat dit? Ons kan wel die volgende merkers gebruik as leidrade:

- Die posisie van die boek in die Ou Testamentiese inhoudsopgawe
- Eienaardige beelde
- Die dag van die HERE
- Na-ballingskapse tonele
- Gemeenskaplike materiaal
- Name van plekke
- Pinkster
- Die sprinkane van Openbaring

Die posisie van die boek in die Ou Testamentiese inhoudsopgawe

Joël verskyn tweede op die lys van die versameling "Klein Profete" van die Ou Testament. Hy is net na Hosea en net voor Amos, twee van die oudste

profetiese boeke¹. Hosea en Amos tree in die agste eeu voor Christus op, dit wil sê voor die ballingskap van beide die Noordelike (722vC) en Suidelike Ryk (5863vC). Beteken dit dat hy in hulle tyd geleef het? Dit kan so voorkom, veral as 'n mens sien hoe Joël aansluit by hulle inhode. Waar Joël bv eindig met die beeld van 'n aardbewing (3:16), begin Amos daarmee (1:2).

Eienaardige beelde

Wat Joël se datering moeilik maak, is die sterk simboliese taal. Die bedreigings waarteen

Joël ons waarsku, word beide as vyandelike mag (swaarde, perde) en vyandige natuur (sprinkane, brande) uitgebeeld.

Die gevolg is helder beskrywings van die natuurramp en vae beskrywings van die aanvallers. Beskryf dit 'n letterlike inval en beleëring, soos in die tyd van die Assiriërs (722vC) of van Babel (586vC)? Dit klink so in Joël 2:7-9. Maar dan is dit nie net Israel wat ly as gevolg van die inval(le) nie. Die hele aarde bewe voor hulle en die "mensekinders" se vreugde is weg (1:12) in dieself

de tyd as wat die priesters van Sion treur (1:13). Die hele "wêreld" (2:21), die ganze natuur (2:22), sal bly wees as God die ramp afweer.



Koning Sargon II van Assirië, uitgebeeld as gevleuelde bul ...
'n gevleuelde sprinkaanplaag?

Hierdie vaagheid en gebruik van elementêre beelde, soos sprinkane (1:4; 2:20?²), veldbrande (1:19; 2:3) en 'n kosmiese aardbewing (2:10), kan dui op 'n baie ou profesie, wat deur latere profe-

¹ Sien bv. An Introduction to the Old Testament, Dillard & Longman, 1994 p354

² Die woord "sprinkaanwurm" is hier ingevoeg en kom nie in die Hebreeus voor nie.

te duideliker gemaak sal word. Dit pas dan by die datering van Joël as een van die eerste profete. Party dink selfs hy het geleef in die tyd van Elia en Elisa.³ Aan die ander kant kan die vaagheid juis toegeskryf word aan die feit dat Joël 'n bestekopname is van die ganse aanslag van God se vyande deur die eeue. Dan wil Joël juis nie te spesifiek wees nie en is hy heel waarskynlik na die ballingskap geskryf.

Die dag van die HERE

Die uitdrukking "die dag van die HERE" kom 5 keer in die kort boekie voor. Kan dit ons help? Nie regtig nie. Die uitdrukking "dag van die HERE" (*johm Jahwe*) kom wel algemeen onder die profete voor en dui op 'n dag waar God sal afreken met mense wat Hom teengestaan het. Hierdie "dag" kan egter op meer as een geleentheid dui en dit is presies die geval in Joël. Aanvanklik wys dit op die vyandige mag wat, onder aanvoering van die HERE, oor Sion en die skeping sal kom (1:15; 2:1, 11), maar dan wentel die hele boek en so ook die dag van die HERE. Vanaf Joël 2:31 word dit juis die dag waarop die vyand God se wraak en afrekening sal proe (2:31; 3:14).

Na-ballingskapse tonele

Joël beskryf tipiese tonele wat die periode na die ballingskap kenmerk. Israel (ook Juda en Sion) is onder die nasies "verstrooi" (3:2) en haar kinders is uitgeloot (3:3) en die kosbare skatte, heel waarskynlik die inhoud van die tempel, is gebuit (3:5). Die HERE sal sy kinders weer versamel en terugbring na hulle land (3:7). Joël profeteer dus oor 'n na-ballingskapse periode ook, maar dit beteken nie noodwendig dat Joël eers toe geleef het of dat sy

profesie tot daardie tyd gebind kan word nie. Die doel van profesie is immers om vooruit te vertel wat gaan gebeur, soos wat Moses reeds vooruit sien wat met Israel gaan gebeur (vgl bv Deut 28:36 e a).

Gemeenskaplike materiaal

Vir so 'n kort boekie bevat Joël merkwaardig baie materiaal wat ooreenstem met ander profetiese boeke wat beide voor en na die ballingskap geskryf is. Vir boeke voor die ballingskap dink 'n mens byvoorbeeld aan Jesaja 13:6 (vgl 1:15) en die merkbare ooreenstemmende inhoud tussen Joël en Amos, soos die beeld van die HERE wat brul uit Sion (Joël 3:16 met Amos 1:2; 3:8, 14); dronkenskap (Joël 1:5 met Amos 2:12; 4:1); sprinkane (Joël 1:4 met Amos 7:1); verkoop van armes (Joël 3:3 met Amos 8:6). Vir boeke na die ballingskap dink 'n mens aan Esegïel 30:2 (vgl 1:15); Sefanja 1:14vv (vgl 2:1); Maleagi 3:2 (vgl 2:11) en Obadja :17 (vgl 3:18). Het Joël by die boeke geleen of het hulle by hom geleen? As Joël ook by na-ballingskapse boeke geleen het, is hy duidelik self ook 'n na-ballingskapse profeet.

Name van plekke

In Joël 3 is daar skielik duidelik name, soos *Tirus*, *Sidon* en landstreek van *Filistea* (3:4), die kinders van "*Jawan*" (3:6), die *Sabiërs*, 'n "verafgeleë volk" (3:8), *Egipte* en *Edom* (3:19). Maar die name Tirus en Sidon en ook Egipte en Edom beskryf plekke soos dit reeds voor en na die ballingskap bekend was. Die landstreek van Filistea is letterlik "al die streke van die Filistyne"⁴ en dui op die eertydse vyf stadstate Gasa, Asdod, Askelon, Gat en Ekron (vgl. Jos 13:2; 1 Sam 6:17-18), wat ook nie ons soek-

tog na nadere datering bevorder nie. Die kinders van "*Jawan*" is 'n beskrywing van volke wat Noord van die Middellandse See gewoon het. Hulle was ook bekend as die Ioniërs, voorsate van die Griekse beskaving, wat in kolonies oor die Westelike kus van Klein-Asië en die Egeïese Eilande gewoon het. Die *Sabiërs* of "mense van Skeba"⁵ was invloedryke inwoners van Skeba, Suidwes-Arabië. Hulle was, net soos al die ander name in Joël 2, berug vir hulle slawehandel. Maar, sê Joël, die HERE sal voorts sorg dat dieselfde met hulle kinders gebeur! Dit het ook. In 345vC het Artaxerxes III Sidon se mense as slawe verkoop en in 332 doen Alexander die Grote dit met Tirus en die Filistynse inwoners van Gasa⁶. Die rede waarom Joël sulke duidelik name vermeld, is nou vir ons duidelik. Dit is om lande rondom Israel te beskryf wat God se kinders tydens ballingskap in slawehandel verkoop het. Dit help ons om te weet dat Joël definitief voor 345vC geleef én geprofeteer het.

Ons kan tot dusver al sê dat Joël voor 345vC geleef en geprofeteer het. Ons weet egter nie of dit voor of na die ballingskap was nie. Trouens, niemand weet met sekerheid nie! Dit kon wees voor die eerste ballingskap, of voor dié van Juda, of daarna. Ons weet ook nog nie in watter insident sy profesie kulmineer nie. Maar dit moet ons nie moedeloos maak nie. Ons weet reeds dat God al sy kinders wat in slawerny is, sal bevry en dat Hy belooft om ons vyande te verdelg.

Maar dit is nie al nie. Die Heilige Gees Self lei ons na sy verdere verklaring van die profesie van Joël in die Nuwe Testament.

⁵ 1983-vertaling.

⁶ Die Boek Joël deur WS Prinsloo, 1990 p 92.

³ Vgl. bv. *What the Bible is all about* deur HC Mears, 1983 p280.

⁴ Die Boek Joël deur WS Prinsloo, 1990 p 90.

Pinkster

In Handeling 2:16 verklaar Petrus deur die Heilige Gees dat die woorde van Joël 2:28-32 hulle kulminasie vind in die gebeure met die uitstorting van die Heilige Gees, met Pinkster. Christus is uit die dood opgewek en het as Messias sy Gees uitgestort op die getroues van Israel. 'n Nuwe Era van God se trou en uitkoms het inderdaad aangebreek. Die straf van God oor sy volk is afgeweer en die droogte wat hulle gely het, is gebreek. Deur die koms van die Leraar van geregtigheid (Joël 2:23) is daar oorvloed en uitkoms. Sy Heilige Gees gee lewe in ons harte. Hy het ook vir ons die dood oorwin.

Joël profeteer voor die koms van Christus van die uitstorting van sy Gees as aanduiding van die begin van God se heilstyd. Hiermee stem die Nuwe Testament eensdragtig saam (vgl Kol 2:15). Die HERE het 'n nuwe tyd van genade, 'n Nuwe Verbond, gebring (Luk 22:20; Hebr 8:1 vv).

Die sprinkane van Openbaring

Maar daarmee is ons nie klaar met Joël nie, want ons is maar by hoofstuk 2, dus ook nie met sy profesie nie. Joël is ook nie klaar met ons nie! In hoofstuk 3 profeteer hy van 'n merkwaardige finale veldslag in die dal van Josafat, waar God deur regspraak al sy vyande en die vyande van sy kinders sal verdelg.

Hierdie dag moet nog kom, want God se vyande is duidelik nog nie finaal verslaan nie. Die natuur steier onder die gevolge van aardverwarming en oral stry mense teen die Koningskap van Christus.

Openbaring beskryf die kulminasie van die finale slag tussen God en sy vyande, waarvan Joël profeteer. Die bose magte word finaal deur God verslaan. Openbaring 9 se sinspeling op die



sprinkaanleër is onmisbaar. Die verwoesters is al weer onder God se bevel (vgl Joël. 2:11). Hulle lyk ook soos dié van Joël. Maar nou is die strafekspedisie se opdrag net mooi andersom as in Joël 1. Hulle kasty nié God se gunsteling nie, maar die vyande van God. Hulle laat die natuur en God se kinders nou met rus. Hulle veg teen almal wat *nie* God se seël op hulle voorhoofde het nie. Hulle aanvoerder word nou beskryf as Apollion, letterlik die "verderwer", 'n ster uit die hemel en die duiwel self (Openb 9:1,11, vgl. Luk 10:18). Merkwaardig hou die naam verband met dié van die Griekse god Apollo wat in die omgewing van Efese die sprinkaan gehad het as sy kenteken. Joël sien dus niks minder nie as die finale aanval van die leërmag van die bose, gevalle gevleuelde engele, veel meer gevaarlik as Assirië of Babel, maar reeds verslaan in Christus.

Kom ons vat saam:

Wanneer profeteer Joël? Hy profeteer voor die koms van Christus.

Van wanneer profeteer Joël? Van die tydperk van die omwenteling van ons lot. Met die koms van Christus verander die HERE ons lot van byna oorweldig deur straf van God (Joël 1) na oorweldig met die Heilige Gees, met die versekering van sy genade (Joël 2).

Maar die tydperk van omwenteling van ons lot is nie verby nie. Joël roep ons steeds tot waaksaamheid. Die groot dag van die HERE, in die "dal van Josafat", die dal van finale regspraak, moet nog plaasvind. Daar sal God die boeke open om finaal reg te spreek.

Joël se wekroep geld dus steeds: "Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag"

Ds Pieter Nel is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

⁷ Die naam is eerder 'n simboliese plek van juridiese oorwinning as 'n geografiese ligging. Beide die term en die oorwinning van Josafat dien so verklarings. Die Hebraïese woord vir "veroordeel" of dan regspraak en die naam "Josafat" het beide dieselfde Hebraïese stamwoord, "safat". In die slag van koning Josafat oorwin God eiehandig die volke wat teen Israel optrek (2 Kron 20:1-30)

OUERS is VENNOTE in kinders se ONDERWYS

Onderwys & Opvoeding

Ons kinders lê ons na aan die hart. Alles wat ons as ouers hulle leer, is reg. So glo ons. Wat eksterne instansies soos skole ons kinders leer, daarvoor is ons baie krities. Die skoolstelsel in die jare voor 1994 was 'n akademies-gerigte opleiding van graad een tot standerd tien. Tans het ons 'n meer uitkoms-gebaseerde opleiding wat deel is van 'n lewens-lange leerprogram. Daar is voor- en nadele by elkeen.

Die vraag is of ons nou, na 14 jaar post-apartheid, beter of slegter daaraan toe is in terme van ons kinders se onderwys.

Twee stelsels, een land

Vandag is onderwys vir alle rasse en tale in ons land toeganklik. Anders as in die jare voor 1994. Toe was daar regeringsgesteunde onderwys vir die blanke kind en Bantoe-onderwys vir die swart kind beskikbaar.

Die onregverdigheid van bogenoemde twee stelsels het ernstige teenkanting gekry. Druk-groepe teen Bantoe-onderwys het gemeen die stelsel is van minderwaardige gehalte en geglo dat dit swart mense indoktrineer om altyd ondergeskik te wees in die ekonomiese en sosiale samelewing van Suid-Afrika.

In beide stelsels is egter geen insette van ouers of gemeenskappe geduld nie. Selfs die landstaal, Afrikaans, is afgedwing. Met Engels as tweede taal.

Hierdie weerstand teen Bantoe-onderwys het in 1976 'n hoogtepunt bereik met die Soweto-opstande. In die 1980's het baie swart skole vir alle praktiese doeleindes tot stilstand gekom.

Blanke onderwys was vanuit 'n nasionaal-Christelike basis aangebied, omdat die regering Christelik was. Rugby was die nasionale sport. En alles was Afrikaans, die taal van die mense wat die land regeer het. Goeie landsburgers is reeds op skool gereed gemaak vir die weermag wat sou volg deur middel van kadette en drilpeletons.

Ongelukkig is ouers se verantwoordelikheid buite rekening gelaat en het daaroor die jare 'n houding gegroei dat die regering verantwoordelik is vir die aanbidding en inhoud van onderwys. Die regering het 'n duidelike politiese bymotief gehad met die onderwys. Inspraak was moontlik solank dit in lyn was met die regering se sienings.

Ekstremes veranderinge in die onderwysstelsel wat na die bewindsoorname van 1994 plaasgevind het, was nie net om die onderwys te hervorm nie. Die nuwe regering het die ou onderwysstelsel as te outokraties, te indoktrinerend, te inhouds- en eksamengedrewe beskou. 'n Werktuig van die regering om gehoorsame landsburgers op te lei. Die beginsels wat die grondslag vorm vir die huidige onderwysstelsel is **billikheid**,

demokratisering, de-segregasie (almal saam) en respek vir veelvuldige kulture. Vir die regering is ook belangrik die ontwikkeling van alle bevolkings-groepe se talente tot voordeel van die land en sy ekonomie. Vir hierdie ommeswaai was daar twee groot stappe nodig:

1. Die implimentering van uitkoms-gebaseerde onderwys (wat tot uiting kom in Kurrikulum 2005 wat van graad R tot graad 9 loop).
2. 'n Nasionale Kwalifikasieraamwerk wat leer- en opleidingsgeleenthede skep vir elke Suid-Afrikaner vir solank hy lewe.

Maar wat is dan die regering se taak in die onderwysstelsel van sy land?

Elke regering het 'n definitiewe opdrag en verpligting teenoor sy landsburgers. En elke regering kleur dit op sy manier in. Is dit die regering se taak om riglyne daar te stel wat die minimum vereistes van wat by skole



onderrig moet word, bepaal? Is dit die voorskrif van opvoedkundige, sosiale, emosionele en fisieke ontwikkeling by skole? Of is dit net om gratis onderwys aan almal te voorsien?

Volgens die skrywers van die boek "Help! My kind gaan skool - Wat ouers van die onderwys moet weet" (redakteurs: Cornia Pretorius, Hennie Steyn en Charl Wolhuter) is die regering se verantwoordelikheid **die skeep van 'n gunstige omgewing, waarin leerders bevoegdhede kan verwerf wat hulle toerus om goeie verantwoordelike landsburgers en lede van die gemeenskap te wees.**

Die regering is ook verantwoordelik vir **nasionale wetgewing en beleid.** Die uitvoering daarvan lê by elke provinsiale departement. In die praktyk is dit hierdie departemente wat skole vestig, bestuur, reguleer en finansier in ooreenstemming met die nasionale beleid.

Die regering gee die basiese resepe. Die skool, sy onderwysers/esse en betrokke ouers berei die resepe volgens smaak.

Waar lê die verantwoordelik vir die inbou van waardes en filosofiese inhoud van die leerinhoud?

Kurrikulums

Die woord 'kurrikulum' beteken 'om te hardloop'. Dit impliseer 'n "renbaan" of "roete", wat vertolk word as die verloop van die lewe. 'n Renbaan of roete het 'n begin en 'n eindpunt. Elke individu se lewe is 'n kurrikulum waarin baie rolspelers 'n invloed het.

Gelowige ouers het in die eerste plek die verantwoordelikheid om hul Godgegewe kinders volgens hul doopbelofte te onderrig en te laat onderrig. Instansies en hulpmidels soos die skool met sy meer formele ingesteldheid waar ouers sterk inspraak het. Verder ook die kerk van Christus met sy

medegelowiges, predikante en hul katekisasie, Bybelstudie met begeleiding... So groei elke mens tot volwassenheid en geld die spreekwoord "'n mens is nooit te oud om te leer nie" ons lewe lank.

'n Aanneme: Nasionale Kurrikulums sal van skool tot skool verskil. Die raamwerk en verpligting van regeringskant gaan in elke provinsie dieselfde wees. Maar die praktiese uitvoering, dit wat by die kind uitkom, gaan van skool tot skool, van provinsie tot provinsie, verskil. Soms tot voordeel van die kind, soms tot groot nadeel. En die sukses lê in die hande van die betrokke onderwysers en ouers.

Die huidige onderwysstelsel is in teorie baie meer op ouerbetrokkenheid gerig. Ouers het die mag en die reg om deel te wees van hulle kinders se skoolopleiding. Die probleem is egter dat die wetgewing wat inspraak van die gemeenskap toelaat, dikwels ondermyn word deur die einste regering, wat nie net die uitvoering in die hand het nie, maar ook inmeng in die inhoudelike van kurrikulums. Die aflê van 'n eed en die verpligte nuwe geskiedenisboek wat voorgeskryf word, is maar twee van die voorbeelde.

Onderwys

Tog is daar openbare skole wat baie goed presteer. As ons hierdie skole analiseer, is ouers en gemeenskappe baie sterk by die spesifieke skole verteenwoordig en betrokke. Saam met die skoolhoof en onderwysers word daar hard gewerk aan goeie dissipline en goeie akademiese

resultate. Hierdie skole se gemeenskaplike etos is prestasiegerig op akademiese en sportgebied.

Om 'n Christelike etos by 'n skool te handhaaf, is sekerlik een van die moeilikste uitgangspunte om te implimenteer. Want 'n hoofvereiste vir 'n Christelike karakter en kurrikulum by 'n skool is dat elkeen van die kinders in die skool se ouers dieselfde uitgangspunt van Christelikheid moet hê. Sodra Christelike **beginsels** verskil, is Christelike onderwys in 'n skool 'n saak van onmoontlikheid. Die akademiese standaarde, dissipline, die hele karakter van die skool word daardeur gevorm. Alhoewel die regering nie noodwendig die oortuigings van onafhanklike skole steun nie, is die moontlikhede om 'n onafhanklike skool te stig, nog nooit makliker gewees as onder die Suid-Afrikaanse regerings van die laaste eeu nie. Die bewys lê in die aantal onafhanklike skole wat jaar na jaar styg. Ook tuisonderrig, wat taboe was onder die vorige regering, is toegelaat en groei van jaar tot jaar.

In die praktyk is die regering geneig om teen sy eie onderwysbenadering in te gaan, naamlik: ondermyning van die regte van ouer- en gemeenskapsinspraak en -insette.

Die gelowige se rol by die opvoeding van God se kinders

Dit is belangrik om te onderskei tussen inmenging van ouers en betrokkenheid van ouers. Net soos wat die regering kan propageer en indoktrineer tot sy eie voordeel, so kan ouers inmeng en onderwysers, wat deeglik opgelei is vir hulle werk, voorsê op gebiede waarin hulle glad nie kundig is nie. Ouerbetrokkenheid moet dus 'n spanpoging wees tussen die betrokke onderwysers/esse en ouers.

Onderrig en laat onderrig... Wat 'n wonderlike voorreg as die 'laat onderrig' soveel vryhede bied soos wat ons in Suid-Afrika beleef.

Hierdie vryhede raak dikwels ons sakke en betrokkenheid neem baie tyd in beslag, maar die besef kom tog by 'n mens op dat die ou onderwysstelsel ons in 'n gemaksone laat beland het wat dalk glad nie so 'n goeie ding was nie. Ons is eintlik op die oomblik veel beter daaraan toe. Ons word baie meer en baie harder op ons verantwoordelikhede gewys. Ons moet self begin keuses maak. Waarheen stuur ek my kind? Watter skool is nog op standaard en pas dissipline toe? Watter skool dra nog enigszins 'n Christelike karakter? Die regering gee nie meer die waarborg nie.

Ouers het 'n verantwoordelikheid om deel te neem aan die bestuur van skole, omdat hulle op dié manier betrokke kan wees by die onderrig van hulle kinders. Die regering gee ouers vryheid en mag om hul eie lewens- en wêreldbeskouing te kan deurgee aan hulle kinders. Onderwyswet-

gewing en -beleid erken ouers as vennote in die onderwys.

Die SA grondwet waarborg vryheid van geloof (wet 84 van 1996). Skole het daarom die volste reg om reëls neer te lê waarvolgens godsdienstige byeenkomste by skole gehou mag word. Die enigste vereiste is dat hierdie byeenkomste vrywillig sal wees.

Die regering se uiteindelijke doel is om leerders sover te kry dat hulle 'n positiewe rol in die samelewing en ekonomiese stabiliteit van die land kan speel.

Die gelowige ouer het egter 'n opdrag om in meer te belê as net die finale uitslag van verantwoordelike en nuttige landsburgers.

Gelowige ouers se kinders moet voorgeleef en geleer word om burgers van God se Koninkryk te wees. Hulle moet so toegerus word dat hulle hul roeping op aarde kan vervul, veral teenoor hulle naaste.

Gelowige ouers se kinders moet God dien met die gawes wat hulle van Hom ontvang het. Vir gelowige ouers is daar meer as om net 'n kind skool toe te stuur vir akademie en sport.

Die regering van die dag bied vryhede aan ouers om verantwoordelik besig te wees met die opvoeding en onderrig van hulle Godgegewe kinders. Veral op onafhanklike skole waar die gemeenskaplike doel en opdrag van ouers en onderwysers vanuit dieselfde grondslag kom. Waardevolle skatte, ons kinders! Waardevolle geleenthede, in ons gereformeerde skole! Om te deel met almal wat daarin wil deel!

Met spesiale dank aan Alet Rademeyer, onderwys-verslaggewer van *Beeld* wat haar kundigheid met my gedeel het.

Wilma Pouwels, ma, huisvrou en onderwyseres en lid van die gemeente Pretoria-Maranata.

INTERNASIONALEDAG

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

Wat kan 'n mens alles nie op die kolletjies invul nie! Dieredag, Menseregtedag, Vigsbewussynsdag, Vrouedag - die lys lyk eindeloos. Dit is seker maar 'n verskynsel van hierdie tyd om sulke besinningsdae vas te stel om bepaalde sake - of aksiegroepe - onder die aandag van die breë publiek te bring. En inderdaad het die getal van hierdie herdenkingsdae die laaste dekades sterk toegeneem. Tog is nie almal van resente datum nie. Werkersdag op 1 Mei is al oud en nog ouer is Internasionale Vrouedag op 8 Maart. Dalk is dit die oudste van almal.

Beginpunt

Die aandag vir vroueregte wat op Internasionale Vrouedag in die middelpunt van die belangstelling

staan, dateer terug tot die jaar 1857. Op 8 Maart van daardie jaar het vrouewerkers in New York (VSA) 'n protesoptog gehou. Die aksie was geïnisieer deur vrouewerkers wat in die tekstielindustrie werksaam was. By die protes is aandag gevra vir die swak werksomstandighede en lae lone.

Nie sonder goeie rede is daar geprotesteer nie. Amerika was op daardie stadium aan die vooraand van belangrike ontwikkelings wat hul skaduwee vooruit gewerp het.

Die eerste plek op die lysie van belangwekkende diskussiepunte in dié tyd was die moontlike afskaffing van die slawerny. Die aanstaande presidentsverkie-

sing sou in dié opsig heel moontlik 'n deurslaggewende rol kan speel. Polities is die gemoedere dusdanig besig gehou.

Verder was daar die algemene gevoel dat die VSA op die punt gestaan het om 'n groot sprong voorwaarts te maak. Talle uitvindings was al gemaak en het gelê en wag vir praktiese en grootskaalse toepassing. Die industrie het geweldig uitgebrei en die transkontinentale spoorweë het Amerika se twee oseaankuste met mekaar begin verbind. Die land het gebruik van aktiwiteit. Die VSA is 'n federale staat waarin die deelstate grotendeels eie gesag en wetgewing ken. In so 'n federale staat is dit partykeer baie moeilik om algemene wetgewing deurgevoer te kry. Wat vir die een staat voordelig is, is sleg vir 'n ander. Wat in die een staat begeer word, word in die ander afgekeur. 'n Dergelike toestand maak progressiewe wetgewing baie moeilik. Sosiale en maatskaplike sake kry daar-deur dikwels minder aandag as wat hulle verdien. So ook die omstandighede vir die fabriekswerkers en in die besonder vir vroue. Op hierdie gebied het daar in 1857 nog baie outydse wetgewing gegeld. So byvoor-beeld verloor 'n vrou by haar huwelik haar persoons-reg. Na haar troue was vir elke administratiewe handeling die medewerking van haar eggenoot nodig.

Vervolg

Die opvallende vertoning van protesterende vrouewerkers op 8 Maart 1857 het nie veel opgelewer nie. Die polisie het hulle uiteengeslaan en versprei. Maar wat op daardie dag geen sukses was nie, het wel 'n vervolg gekry. Twee jaar later is die eerste Vrouevakbond opgerig.

Aanvanklik was daar nie baie aandag vir die organiserende en marsjerende vroue nie. Die Amerikaanse burgeroorlog het alle aandag opgeëis en daarna was sake soos versoening en herbou eerste aan die orde.

Vir die eerste keer word daar 'n politieke wens by die sosiale en maatskaplike eise gevoeg.

Tog is daar in die dekades tot aan die einde van die 19de eeu reëlmatig op 8 Maart optogte en byeenkomste gehou. Hoewel daar 'n Vrouevakbond bestaan het, was daar egter geen deurtastende plan om die protes teen verontregting en agteruitstelling van vroue in die samelewing aan te pak nie.

Dit verander in die begin van die 20ste eeu. In die jare voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is

daar baie aktiwiteit op hierdie gebied. Op 8 Maart 1908 marsjeer 15000 vroue deur New York.

Die plakkate wat saamgesleep is, het die eise bekend gestel: korter werkure, beter betaling en stemreg vir vroue! Vir die eerste keer word daar nou by die sosiale en maatskaplike eise 'n politieke eis gestel.



Vroue adverteer 'n suffragette-vergadering.

Hierdie effense koerswysiging het tot gevolg dat daar in die volgende jaar, op inisiatief van die Sosialistiese Party van Amerika, die eerste Internasionale Vrouedag georganiseer word. Die datum was vasgestel op 28 Februarie.

Noudat die internasionale sosialisme sy kragte agter die vroue-aksie ingegooi het – of was dit maar eenvoudig 'n kaping van 'n potensiële groep ondersteuners? – het die beweging momentum begin kry. Na die beperkte viering van die eerste Internasionale Vrouedag op 28 Februarie 1909 is die eerste Internasionale Vroue-Konferensie in 1910 in Kopenhagen (Denemarke) gereël.

In 1911 het die Internasionale Vrouedag meer as 'n miljoen vroue in Oostenryk, Duitsland, Switserland en Denemarke in optogte op die been gebring. Die fokuspunt het van New York na midde-Europa geskuif. Die aanleiding daarvoor is waarskynlik die inmenging van die sosialistiese beweging. Sy interne organisasie was in Europa baie sterker as in Amerika en die ontplooiing van demonstrasies en ander aktiwiteite was daardeur makliker.

Maar kort na die eerste massale viering van Internasionale Vrouedag skuif die sentrum van aandag weer terug na waar alles begin het: New York. By 'n brand in die 'Triangle Factory' verloor meer as 140 vrouewerkers die lewe. En soos in 1857 is die aandag weer toegespits op die swak werksom-

standhede in die tekstielbedryf. Waarby in 1911 dan veral aandag gegee is aan die totaal onvol-doende veiligheidmaatreëls.



Emmeline Pankhurst spreek 'n skare toe in 1911. Sy was een van die stigterslede van die Britse suffragette-beweging.

Dreigende oorlog

Inmiddels het baie meer sake die algemene aandag gevra. Die Balkanoorloë en die betrokkenheid van die groot moondhede daarby het die vrees laat ontstaan dat 'n algemene Europese oorlog gedreig het. Die eerste ná die Napoleontiese veldtogte rondom 1800. En, meer as die mans, het die vroue besef of aangevoel dat so 'n oorlog 'n ramp van ongekende omvang kon word. Voor 1914 het die politici vertrou dat die 'onvermydelike' oorlog kort van duur sou wees en dat hul eie oorwinning bo alle twyfel vas gestaan het. Baie van die soldate het later met blomme getooi na die grense vertrek in die volste vertroue dat 'n vinnige en volslae oorwinning gewag het. Maar die vroue het op 8 Maart 1913 dwarsdeur Europa vredesoptogte gehou.

Meer as die mans, het die vroue besef of aangevoel dat 'n oorlog 'n ramp van ongekende omvang kon word.

Daar is twee opvallende aspekte daaraan verbonde. Eerstens is daar die terugkeer na die datum 8 Maart. Moontlik is dit 'n teken dat die Internasionale Vroue-beweging wegbeweeg het van partypolitieke kaping deur die sosialistiese beweging.

In die tweede plek is daar 'n verandering van aandagspunt. Dit gaan nou nie meer in die eerste plek om sosiale of politieke eise ten behoeve van vroue nie, maar om 'n algemene bekommernis. Die

noodsaaklikheid van vrede is baie groter as die stap-vir-stap verbetering van die agtergestelde posisie van die vroue in die samelewing.

Laasgenoemde punt kan 'n mens waardeer. Dit getuig daarvan dat die beweging vir vroue-regte in daardie tyd in staat en bereid was om prioriteite buite die eie belangkring raak te sien en te erken. Maar die samelewing in sy geheel was nog te veel 'n mans-georiënteerde maatskappy om positiewe aandag te gee aan die bekommernis van miljoene vroue. Wat het hulle nou van politiek en staatkunde geweet?

Eerste Wêreldoorlog

Die oproep om vrede het op dowe ore geval en die oorlog het in al sy geweld en wreedheid uitgebars, en saam met die mans aan die front het die vroue en kinders tuis gely. Die oorlogstoestand het demonstrasies vir vroueregte of vir vrede onmoontlik gemaak. Sou hulle dit tog gedoen het, sou dit 'n vermoede van ondermyning van die oorlogspanning opgeroep het. En sou dit nie soos verraad agter die rug van die strydende mans ervaar word nie?

Tog is daar een keer met demonstrasies aandag gegee aan Internasionale Vrouedag op 8 Maart 1918. Dit het plaasgevind in Sint Petersburg in Rusland en het saamgeval met demonstrasies en veldtogte van werkers en soldate teen die bewind van tsaar Nikolaas. Hierdie optog van vroue was meer 'n noodkreet as gevolg van honger en ellende as 'n poging om vroueregte te bevorder. Maar dalk juis daardeur het dit aan krag gewen.

Dit is effens eensydig om hierdie optog van vroue op 8 Maart direk te verbind met die aftrede van die tsaar 'n week later. Daar het baie meer gespeel as alleen maar hierdie demonstrasie, maar 'n bydraende faktor was dit seker wel.

In Rusland

En daarmee het die Vrouedag weer in die politieke sfeer gekom. Hierdie keer nie van die Internasionale Sosialisme van die (al spoedig Internasionale) Kommunisme nie. Die Bolsjewistiese feminis Alexandra Kollontai het Lenin oorgehaal om 8 Maart tot amptelike vakansiedag te verklaar. 'n Dag waarop die 'heldhaftige vroue-werkers' gehuldig word. Maar dit het herhaaldelik geblyk dat hierdie soort politiegëinspireerde huldeblyke op die lange duur nie stand hou nie. Hoewel die 8ste Maart in Rusland 'n vakansiedag gebly het, het die karakter 'n groot omwenteling ondergaan. Nie meer die vroueregte of die vroue se werklike of vermeende invloed op die Russiese Rewolusie het in die middelpunt gestaan nie, maar die vroue self. Op die Vrouedagvierings-

nuwe-styl het in Rusland die mans hul aanhanklikheid en liefde vir hulle vroue – of vroue in die algemeen – getoon deur die gee van blomme en geskenke. Soos 'n skrywer dit formuleer: iets ooreenkomstig 'n mengsel van die westerse Moedersdag en Valentynsdag. En dit is nie waarom dit alles in 1857 begin het nie.

In die Weste

In die jare net voor die Eerste Wêreldoorlog en ook in die eerste jare daarna is daar in die weste baie aandag aan Internasionale Vrouedag gegee. Na die oorlog het eers die stemreg vir vroue in die belangstelling gestaan. Duitsland het dit al in 1919 ingevoer, Engeland effens meer aarselend en die suidelike Europese state nog later. Maar ook in die weste was politieke aspekte in die vieringe van Vrouedag sterker as voorheen. En ook in die weste neem, moontlik juis as gevolg daarvan, die geesdrif al gou af.

Aandag vir idealistiese drome en aksies kan moeilik gehandhaaf word.

Eers in die sestigerjare van die vorige eeu het Internasionale Vrouedag of die Vrouebeweging weer momentum gekry. Maar weer eens het die karakter verander. Dit was nie werksomstandighede, toegang tot skoling of studie, stemreg of juridiese en maatskaplike gelykheid nie. Dit het in die moderne feminisme nie gegaan om gelyke regte nie, maar om uitwissing van die grens tussen man en vrou.

Die inset was die bevryding van die vrou. Bevryding waarvan? Van enige ongelyke behandeling? Wie sal daarteen vandag nog besware opper? Maar dit het ook om bevryding van allerlei norme gegaan. Norme op gebied van seksualiteit, eise vir wettiging van abortus; bevryding het bykans sinoniem met losbandigheid geword.

Die hele beweging het saamgehang met die wêreldwye afrekening met die, deels op die Christendom gebaseerde, Europese of westerse kultuurpatroon. Die kulturele rewolusie in die weste.

In 1970 het die Verenigde Volke sy steun aan Internasionale Vrouedag toegesê. Dit wil egter voorkom of die belangstelling ondanks dit tog stoom verloor het. Al die aandag vir idealistiese drome en aksies kan moeilik gehandhaaf word. Net soos by die stryd vir sosiale en politieke regte, neem die belangstelling vir 'n kulturele rewolusie na verloop van tyd af.

In Suid-Afrika word die Internasionale Vrouedag van 8 Maart boonop oorskadu deur die Nasionale Vrouedag op 9 Augustus wat weer suiwer polities geïnspireer is. Maar dit sal nog wel 'n rukkie duur voordat hierdie dag in 'n tweede Valentynsdag plus Moedersdag verander het.

Dr JW Meijer is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en in diens van die gereformeerde onderwys.

Om die WOORD VAN WAARHEID reg te sny ...

Sending & Evangelisasie

Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny (2 Tim 2 :15)

Stel u vir 'n oomblik voor: elke week is daar honderde predikante van oor die hele Afrika wat in gebed die Here vra om verligting van hul verstand, sodat hulle die volgende Sondag Sy Woord suiwer en volgens Sy wil aan hulle gemeentes kan bring. Miskien is dit predikante wat hulself nog


nooit 'gereformeerd' genoem het nie, maar wat desondanks graag Skrifgetrou besig wil wees.

Sommige van hulle besit goeie biblioteke en studiemateriaal en het 'n deeglike opleiding in gereformeerde eksegese gehad. Die meeste van hulle het egter 'n gebrekkige opleiding en weinig of geen gereformeerde lektuur om hulle hierin te help nie. Behalwe dat hulle finansiële beperkings het by die aankoop van boeke, is goeie boekwinkels en biblioteke dikwels heeltemal buite bereik.

Die woord van die waarheid reg sny is makliker gesê as gedaan onder sulke omstandighede.

Ds Jopie van der Linden (emeritus predikant van die VGK Johannesburg) en sy vrou Jennie het hierdie nood raakgesien en 'n kreatiewe plan gemaak. Die internet is deesdae vir die meeste mense beskikbaar - selfs in groot dele van Afrika - via hulle eie rekenaars of ander fasiliteite soos 'n internetkafee of openbare biblioteek.

Deur middel van sy webtuiste www.preachinglibrary.za.org bied hy sedert Mei 2008 aan predikante gratis die moontlikheid om weeklikse versoeke aan hom te rig (sogenaamde 'preaching requests'). In reaksie hierop word daar aan die werk gesprong : hy soek toepaslike boeke, sy vrou skandeer die nodige hoofstuk hieruit om 'n elektroniese kopie beskikbaar te kan maak. 'n Projek wat hulle dus as man en vrou volledig saam aanpak. Vir hierdie doel besoek hy soms universiteits- of ander biblioteke in Pretoria of elders in die land. Wanneer hy genoegsame literatuur gevind het, voeg hy dit saam en stel hy die betrokke predikant in kennis dat sy studiemateriaal gereed is. Die predikant kan dan op sy beurt (byvoorbeeld wanneer hy weer toegang tot die internet het) die



studiemateriaal aflaai en waar nodig uitdruk op papier. Ds Van der Linden het vir hierdie doel die nodige toestemming met betrekking tot kopiereg verkry. Daar is tans reeds meer as 40 predikante op die webtuiste geregistreer, en

die aantal preekversoeke groei van week tot week.

Op hierdie manier hoop hulle om 'n diens te kan lewer aan predikante in Afrika en hulle in die proses te help om die Woord van God elke week getrou en suiwer te bring. 'n Pragtige manier om die moderne tegnologie in te span tot voordeel van ons medegelowiges en in diens van Gods Koninkryk!

Jan de Mooij

Ds Van der Linden se e-posadres is info@preachinglibrary.za.org. Indien u weet van predikante wat baat kan vind by hierdie diens, word u uitgenooi om hulle aandag hierop te vestig. Die diens word moontlik deur donasies; indien u hiertoe wil bydra, is u ook welkom om hom te kontak.

'n Besoek aan KWA MHLANGA

Sending & Evangelisasie

Ongeveer 'n uur se ry vanaf Pretoria in 'n noord-oostelike rigting lê Kwa Mhlanga. Die veld is pragtig groen en vol met 'n groot verskeidenheid blomme na die lieflike Januarie-reën. 'n Nederlandse 'stage-loper', Rien Hoving, wat werksaam is by MCDC (Mukhanyo Community Development Centre), staan, soos afgespreek, langs die pad in die dorpie Mandela en beduie vir ons om hom te volg. Bykans 400 m vanaf die grootpad ry ons die Mandela Farm binne en word luidrugtig begroet deur Zwolle, 'n groot grys hond. Ons vriend, Rien, wys vir ons die plaas waar die voorman die koeie steeds met die hand melk en 'n vorige-eeu-se-trekker op die lande gaan staan het en nou as monument dienste kan bewys. Ons kry Nederlandse koffie en kuier met 'n Amerikaanse dame en ontmoet 'n Mukhanyo-student uit Rwanda. Ons voel heeltemal tuis te midde van die passiewolle Christene.

Rien het vir ons 'n toer vir die dag uitgewerk en te oordeel aan die lysie wat hy in sy hand hou, gaan ons nie, soos beplan, vanmiddag vroeg kan vertrek nie. Hy bring ons eerste na die Mandela-kerk, waar hy

self reeds etlike Sondae dienste bygewoon het. Dit is nie veel groter as 7x3 m nie. Daar is 'n dun sinkdakkie en twee skadunetmure. Die bankies is oud en man-kolie en spreek van hout wat al baie keer gebruik is en hier in die kerkgebou 'n eerbare einde tegemoet sal gaan. Ons toerleier vertel hoe die geboutjie Sondae gepak is met mense wat daarna honger om die evangelie te hoor. Amerikaanse hulp en baksteen-makery deur gemeentelede sal DV in die toekoms nuwe bouwerk 'n moontlikheid maak.

Die versengende hitte dryf ons na die winkelsentrum wat swart van mense is. Daar is rye en rye ongehude vroue wat rustig vir die R200 per-maand-per-kind uitkering van die staat in die brandende son staan en wag. Shoprite is so vol dat dit ons driekwartier uur kos om ons twee bottels koeldrank te koop. Afrika is geduldig, maar dis vir ons Westerse ongeduld byna een te veel.

Vandaar ry ons na Mukhanyo Bible College, waar heelwat evangeliste uit Afrika vir Afrika in die suiwer Bybelse leer opgelei word. Ons maak kennis met

twee mense uit Texas wat geroepe voel om die Here vir drie jaar hier te dien. Hul vierjarige seuntjie gee ons 'n rondleiding in die groentetuin en leer ons om 'Marigolds' (Afrikaners) tussen die groente te plant sodat goggas nie die oes opvreet nie.

Rien bring ons na die 'Daycare Centre', waar hy die meeste van die tyd werksaam is met opleidingsprojekte onder kinders. Hier word tot 120 kinders tussen die ouderdom van 3 en 20 jaar deur die week daaglik gevoed en na skool met huiswerk gehelp. Die meeste kinders is wees en ander kinders se ouers is werkloos en het nie geld om hul kinders te versorg nie. Ons ontmoet vir Abraham, 'n jong man van 21 wat homself voltyds vir die werk beskikbaar gestel het en met veel liefde getuig hoe hy die kinders daaglik van Jesus Christus, hul Verlosser, leer. Tans funksioneer tien van sulke versorgingsentra in Kwa Mhlanga onder die leiding van MCDC.



Nakakela

Na baie modderpoele en nou straatjies parkeer ons die voertuig voor die Hospice van MCDC (Nakakela). Hier word terminaal siek Vigs-pasiënte versorg. Die suster aan diens begelei ons deur die mooi, skoon gebou en lig ons in oor die vreeslike siekte en die geweldige onkunde van die plaaslike bevolking.

Sy is iemand wat werklik 'n hart vir haar professie en pasiënte het. Sy vertel dat vyf tot ses van die tien swanger vroue wat die klinieke besoek, HIV-positief is. Tydens die gesprek het die leë, hol oë van die sterwendes op die agtergrond my laat besef hoeveel van diesulkes daaglik sterf sonder om Jesus Christus as hul persoonlike Saligmaker te ken en te omhels.

Is dit nie die mens se grootste nood nie? Die suster vertel ons hoe die personeel probeer om,



Verpleegster met pasiënt in Nakakela

tesame met die liefdesdiens, ook die woorde van Redding te spreek. Toe ons die gebou verlaat, passeer ons 'n groep verpleegsters en skoonmaaksters wat in die gang Bybelstudie doen.

Twee Amerikaners wat op die plaas woon, het drie weeskinders wat verlede jaar hul moeder tot op die laaste in hulle bouvallige hut versorg het, naweke onder hulle vlerk geneem. Rien laai hulle op en ons sien dadelik wat die reën aan hierdie sinkplaatmodder-bouval gedoen het. Die hele agtermuur van die 'huis' het inmekaar gesak, maar die sewentienjarige oudste seun het plan gemaak en walle gegooi om 'nuwe', gaterige, geroeste sinkplate regop te hou.

Die leë, hol oë van die sterwendes op die agtergrond het my laat besef hoeveel van diesulkes daaglik sterf sonder om Jesus Christus as hul persoonlike Saligmaker te ken en te omhels. Is dit nie die mens se grootste nood nie?

Die veertienjarige meisie se huisie is baie skoon en sy nooi ons skaam-skaam om plaas te neem op die stukkende banke in 'n vertrek wat as sitkamer dien. Broer en sus sorg mooi vir hulle agtjarige klein sussie wat buite in die stof klippies met maatjies speel. Die klippies stel sekerlik iets voor, te oordeel

aan die in-diepte-konsentrasie en erns waarmee hulle besig is. Die sinkplaatdak is vol gate en dis baie warm. Ek wonder hoeveel emmers nodig is om die water tydens reën uit die blyplekkie te hou. Ons drink Fanta Orange uit glase, want dis nie aldag dat blanke mense daar besoek aflê nie...

Terug op Mandela Farm kry ons nog verversings en ons verlustig ons stilweg in die Amerikaanse meisie wat so geduldig en geesdriftig 'n kaartspel geniet saam met die twee wees dogtertjies. Die veertienjarige het twee dae rus van haar huishoudelike en

versorgende taak. Gelukkig het die skole weer begin en kan die oudste seun graad 11 maak, want hy is positief om na matriek werk te vind. Hy vertrou op die Here wat diegene ken wat by Hom skuil.

Henria Stolper is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

**Tema van die volgende KOMPAS:
RELEVANT KERK-WEES**

Advertensies



selfsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/kleinstee/
of kontak ons:
kleinstee@absamail.co.za
telnr 021 919-4755
Kees en Joke Begemann



selfsorg-eenheid
vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting
beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 919-2260
Gert & Ingrid Klapwijk



Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

**Prokureurs, Notarisse en
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-548-0126
of epos.willie@hurterspies.co.za

BOEKENUUS

▪ **Groenewald, E P: Handboek Bybelse geskiedenis. Die Nuwe Testament**

Hierdie boek was reeds lank nie meer verkrygbaar nie. Die Boekuitgewers in Pretoria het nou 'n fotostatiese herdruk laat verskyn. (Die Handboek Bybelse geskiedenis. Ou Testament deur prof Kroeze sal DV ook binnekort weer beskikbaar wees.) Die werk is bedoel as 'n handleiding vir die kennis van die Bybelse geskiedenis. Daarom val die nadruk op die historiese verloop van gebeurtenisse. Maar die skrywer lê klem daarop dat dit nie so eenvoudig is om die opwindende gebeure waarvan die Nuwe Testament getuigenis wil aflê, in sy historiese verloop te verstaan nie. Die vier Evangelies wat ons naasmekaar het, is byvoorbeeld nie in die eerste plek geïnteresseerd in biografiese en historiese besonderhede nie, maar wil geloofsgetuigenis gee, om te oortuig dat Jesus die Christus is. Tog het ons nie te doen met tydlose fabels nie, maar met wat werklik gebeur het in die wêreld en in die tyd! Ons het te doen met heilsgeskiedenis!

(570 bladsye – R175)

▪ **Floor, L: Uit die skatkamer van die Koninkryk**

Preke vanuit die Ou sowel as die Nuwe Testament. Die titel van hierdie bundel is ontleen aan woorde van Jesus wanneer Hy aan sy leerlinge verduidelik dat daar in sy ryk 'n skatkamer is. Die skatte wat in daardie kamer opgestapel lê, noem Jesus "nuwe en ou dinge". Met die 'ou dinge' word bedoel alles wat in die Ou Testament in die wet en deur die profete verkondig is. Die 'nuwe dinge' is alles wat met die koms van Jesus op aarde deur Hom as sy verlossingsboodskap bekend gemaak is. Wanneer die dissipels as leerlinge van Jesus gaan optree, sal hulle uit die groot voorraad die skatte van die Koninkryk te voorskyn bring. Nie alleen moet die 'nuwe dinge' verkondig word nie, maar ook die 'ou dinge' moet bekend gemaak word. Dit word duidelik deur die ou gesegde: 'Die Nuwe testament is in die Ou Testament verborge en die Ou Testament kom in die Nuwe Testament tot openbaring'.

(163 bladsye – R75)

▪ **Floor, L: De vrucht van de Geest in bijbels-theologisch perspectief**

Onder invloed van die charismatiese beweging is daar binne die kerke baie aandag vir die gawes van die Heilige Gees. Aan die ander kant is daar min oog vir die vrug van die Gees, wat 'n wesentliche onderdeel is van die heilswerk van Christus. Dr Floor wys op die gevaar dat daar minder aandag is vir die persoonlike geestelike lewe. Gemeentebou is goed, maar die persoonlike omgang met God mag nie vergeet word nie. Alleen in samehang met die vrug van die Gees het die geestesgawes werklike waarde. Die outeur behandel uitvoerig die Bybeltekste waar die vrug van die Gees aan die orde kom.

(120 bladsye – R145)

▪ **Van den Berg, C: Naar een nieuw Jeruzalem**

Op versoek het ds Van den Berg 'n aantal preke wat hy oor die boek Nehemia gelewer het, omgewerk na Bybelstudies. Vanuit die boeiende Ou-Testamentiese geskiedenis trek die outeur lyne deur na die kerk van vandag. Vir ons kom die hemelse nuwe Jerusalem in sig. Die boek Nehemia leer jou die enigste geloof in die God van Sion en sit jou aan die werk deur die liefde vir Jerusalem.

(118 bladsye – R 85 / nuwe prys R160)



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)

(Irene van der Meer)

Laseandrallaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@mweb.co.za

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente

Subredakteurs:

Venster op die Bybel:
Ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Medies:
Dr Theo de Vries
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@iburst.com
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Ds P Nel :**
Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186;tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersema :**
Mantova 8, Kuskoraalstraat 1135, Môregloed 0186; tel 012 333-1708 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

U kan die administrasie van

KOMPAS

kontak vir:

- geskenkbewyse
- nuwe intekenings
- geskenk-intekenings
- advertensies

Posbus 23931, Gezina, 0084

Kompas.admin@vgk.org.za

